


# VROUEMAAND - HOE DINK EN PRAAT DIE BYBEL OOR VROUE?

## Paulus en vroue



**Sleutelteks: Galasiërs 3:26-28 (Paulus se standpunt oor hoe om die vrou se sosiale posisie te verstaan)**


Volgens hierdie teksgedeelte erken hy dat daar nie onderskeid gemaak kan word tussen vroue en mans asdit by 'n lewende verhouding met Christus kom nie en dat vroue met dieselfde charismatiese gawes as mans geseën is. Hierdie leerstelling het 'n nuwe wêreldvisie aan die orde gestel, naamlik dat almal gelyk is in Christus Jesus.

### Lidia as voorbeeld van integrasie

Die standpunt dat daar nie onderskeid gemaak is tussen mans en vroue se lewende verhouding met God nie, was aanvanklik geïntegreer in die gemeenskapslewe van die kerk. Dit kan ons aflei uit die feit dat Paulus toe hy in Fillipi aankom, in Handeling 16, die evangelie aan vroue verkondig het. Hulle kom tot bekering deur sy prediking en Lidia speel daarna 'n leidende rol in kerkplanting op die Europese kontinent deur haar huis beskikbaar te stel vir die gemeente se byeenkomste. So word haar huis die eerste kerk in Europa.

### Swig voor dominante wêreldbeeld

Uit dit wat ons in 1 Kor 11:3-16 lees, kan ons ook aflei dat beide mans en vroue opgetree het as profete en leiers by aanbidding in die gemeente. Met verloop van tyd het dit egter gebeur dat die kerk geswig het onder die dominante wêreldbeeld van die dag, naamlik 'n patriargale bestel en dat dit al meer deel van die strukture geword het soos ons vind in die beperkings wat geplaas word op vroue in die volgende tekste: 1 Kor 14:34-36 en Kol 3:18. Hierdie tekste dui op 'n latere ontwikkeling in die kerk en moet nie sommer net so voor die voete van Paulus gelê word nie. Talle teorieë bestaan wat die feit onderstreep dat hierdie beperkings latere toevoegings is, wat gemaak is tot die oorspronklike tekste.




### Ef 5:21-33, 1 Kor 7:1-24 en 1 Tim 2:1-2, 8-15 - rewolusionêre nuwe orde tussen geslagte

Ef 5:21-33 verdien bespreking, aangesien hierdie teks deur die eeue heen die bron van swak uitleg geword het en die wapen geword het waarmee die kerk vroue ingeperk het tot tweedeklas Christene. Wanneer 'n mens hierdie teks lees, moet die kultuur van die dag in ag geneem word. In die tyd toe hierdie gedeelte geskryf was, was dit niks nuuts om vir vroue te sê dat hulle onderdanig moet wees nie, dit was vanselfsprekend. Wat egter hier nuut is, is die feit dat dit ook van mans verwag word - die perikoop begin met 'n oproep van wedersydse onderdanigheid aan mekaar uit eerbied vir Christus. Hier word van mans verwag om vir hulle vroue lief te wees. In die verlede was vroue deel van mans se besittings. Deur die vereiste dat mans hulle vroue soos hulle eie liggeme moet liefhê, word die vrou se posisie en plek in die samelewing verander van 'n stuk eiendom tot 'n volwaardige mens. Hier word van 'n wederkerige verhouding gepraat, met wedersydse liefde en onderdanigheid as die grondbeginsels. Dit moes die eerste lesers soos 'n hamerhou tussen die oë getref het!

In dieselfde lig moet 1 Kor 7:1-24 gelees en geoordeel word. In hierdie teks word daar van die man verwag om sy huweliksplig teenoor die vrou na te kom. In die Bybelse tyd kon die man met die vrou se liggaam maak net wat hy wil, dit was immers sy eiendom. Vroue het egter geen regte in hierdie verband gehad nie, sy was uitgelewer aan haar man. Volgens hierdie teks is daar nie meer sprake van 'n verhouding waar een die eienaar is en die ander die eiendom nie. Hier leer ons 'n huwelik ken wat op 'n wederkerige verhouding berus. Dit is dus 'n rewolusionêre gedagte - beide man en vrou word gesien as gelykes in die huwelik. Vroue se status word verander van eiendom na die van volwaardige mense.

Oor die interpretasie van 1 Tim 2:1-2, 8-15, net 'n paar opmerkings wat die moontlike betekenis van die teks kan verander:

1. Daar word aanvaar dat die vrou in die gemeenskap aan wie die brief gerig was onmagtig was. Nuwe analyses van die Romeinse situasie laat dit egter blyk dat vroue wel mag gehad het, veral ekonomiese mag. Hulle was byvoorbeeld in beheer van groot huishoudings, eintlik besighede, waarvoor hulle alle mag uitgevoer het. Verder is dit verhelderend om te weet dat haarstyle en juwele simbole van mag was en dat die aanwending van sulke simbole nie net 'n moderne verskynsel was nie.
2. Dit is leersaam om te sien dat vertalings dikwels heelwat in hierdie gedeelte vertaal het. Daar is veral drie punte waarop gefokus kan word:
  - 2.1 2:1-2 word dikwels 10 gemaak van 2:vv. Dit bring mee dat die algemene aandrag geskei word van die meer spesifieke.
  - 2.2 So 'n skeiding hou verband met die neiging in vertalings om die gewenste lewe, 'n stil en rustige lewe (2:2), te skei van die vermaning gerig tot mans en vroue. Dit is besonder belangrik omdat die woord waarmee vroue stilgemaak word, dieselfde woord is waarmee die gewenste stil lewe beskryf word. Die implikasie daarvan om die gedeelte as 'n samehang te verstaan, is dus dat vroue moet stil wees soos die hele gemeenskap stil moet wees en leef. Uit woordstudies blyk dit ook dat die woord "stil" assosiasies met vroomheid en wyding het. Dit gaan dus nie net oor spraakloosheid nie, maar oor 'n alternatiewe fokus, 'n lewenswyse waar Christene hulle stil en rustig gedra, 'n lewenswyse van vroomheid en wyding.
  - 2.3 Dit is opvallend dat vertalings die woord, "net soos", uitlaat as die vermaning tot die vroue ingelei word. Die woord daar stel die eise aan vrouens gelyk met die eise aan mans. Laat 'n mens die woord weg, lyk die vereistes radikaal verskillend.



**Dr Carin van Schalkwyk**

**(‘n Uittreksel uit *Vroue, God en Identiteit: 'n Verantwoording van 'n Teologie vir Vroue*)**